SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 18 JANUARIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van Gert Schlorf, ZS1ABM, op Dinsdag 13 Januarie moet aangekondig. Gert het 'n hartaanval gehad en is in die hospitaal oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou Toekie en ses kinders.

Gert was veral bekend vir die ZS0STB pakket BBS wat hy in die Weskaap bedryf het en wat ook as deurwegstasie gedien het vir boodskappe deur amateursatelliete. Sy stasie was bekend vir die doeltreffendheid waarmee dit gewerk het.

Gert was lid van die Boland Amateurradioklub, en was die houer van die Jack Twine meriete toekenning. Sy naam is ook op die rekordboeke vir 'n kontak tussen Luderitz en Italië op twee meter.

In die vroeë dae van die SUNSAT-projek by Stellenbosch Universiteit het Gert gesorg vir die oprigting van die eerste grondstasie met antennas vir 2 m en 70 cm, en al die nodige modems vir kommunikasie met hierdie satelliet.

Hy was 'n persoon wat groot diens gelewer het aan die amateurgemeenskap sonder dat hy self op die voorgrond getree het.

Ons meegevoel gaan uit na sy eggenote, kinders, ander familie en vriende.

(POUSE).

In die nuus vandag:

VERSOEK OM KOMMENTAAR OP KONSEP KONVERGENSIEWET

DIE PEARS NASIONALE BHF/UHF KOMPETISIE

DXPEDISIE NA SWAZILAND

TWEE AMATEURSATELLIETE VERWAG OM VANJAAR GELANSEER TE WORD

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

VERSOEK OM KOMMENTAAR OP KONSEP KONVERGENSIEWET

Op 3 Desember 2003 het die Departement van Kommunikasie die Konsep Konvergensiewet gepubliseer en belanghebbende persone uitgenooi om skriftelike kommentaar of voorstelle in te dien. Kommentaar of voorstelle moet die Departement voor 3 Februarie 2004 bereik.

Hierdie konsepwet bevat voorstelle waarby radioamateurs direkte belang het. Die SARL sal 'n antwoord saamstel en dit by bogemelde datum indien. Indien dit geregverdig blyk te wees, sal die SARL aansoek doen vir 'n geleentheid om voorstelle voor te lê tydens watter forum ookal deur die Departement gereël word.

Alle radioamateurs word versoek om die konsep Konvergensiewet te lees en kommentaar direk aan die SARL te lewer. U kan 'n kopie van die konsepwet vanaf die volgende adres aflaai: http://www.gov.za/gazette/bills/2003/25806.pdf. Die dokument beslaan 64 bladsye van 2,12 Mg en is in pdf formaat. Alternatiewelik kan kopieë vanaf die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001, verkry word.

Stuur u kommentaar asb. direk aan Peter Hers met e-posadres zs6phd@mweb.co.za. Alle kommentaar moet teen Saterdag 31 Januarie 2004 by hom wees.

DIE PEARS NASIONALE BHF/UHF KOMPETISIE

Die Port Elizabeth Amateurradiovereniging nooi alle BHF-amateurs in die Republiek sowel as buurlande uit om deel te neem aan hulle BHF/UHF-kompetisie wat volgende naweek gehou sal word.

Hierdie 48 uur kompetisie is onderverdeel in twee sessies van 24 uur elk om sodoende meer pret en deelname te bewerkstellig. Dit begin om 18:00 SAST op Vrydag 23 Januarie en eindig om 18:00 SAST op Sondag 25 Januarie 2004. Die kompetisie maak voorsiening vir 'n groot verskeidenheid BHF-entoesiaste soos enkel- of multioperateurs of klubstasies en dek analoog, digitale, QRP en ook mobiele werking.

Sertifikate sal uitgereik word vir die grootste afstand gewerk op die 50, 144, 432 en 1296 MHz bande, die puntewenners in elke kategorie in elk van die ses afdelings, asook die algehele digitale wenner en naaswenner.

Die reëls van hierdie kompetisie is in die nuutste Radio ZS gepubliseer en kan afgelaai word van die SARL se webtuiste.

DXPEDISIE NA SWAZILAND

Ron, ZS5ABD, William, ZS5WC, Rad, ZS6RAD, en Willy, ZS5WI, sal vanaf Dinsdag 20 Januarie tot Dinsdag 27 Januarie in Swaziland wees. Die afdeling 5 kêrels sal konsentreer op HF terwyl Rad aan die PEARS BHF/UHF-kompetisie sal deelneem wat tydens die naweek gehou word. Ons sal op HF foon werk slegs vanaf Donderdag 22 Januarie tot die volgende Dinsdag op alle bande soos kondisies dit toelaat. 'n Interessante aspek van hierdie ekspedisie is dat William 'n eksperiment sal uitvoer met 'n helium gevulde ballon en 'n 160 m antenna. As dit nie suksesvol is nie, sal ons 'n dipool oprig en steeds die 160 m band beman.

Terloops, ons het tydens die vorige ekspedisie na 3DA0DX in Julie 2003, 48 lande gewerk.

Ons dank aan Willy, 3DA0BD, en Andy, 3DA0TM, vir hulle belangstelling en ondersteuning.

Belangstellende amateurs kan 'n e-pos stuur aan zs5wi@iafrica.com. QSL is aan ZS5WI, Posbus 1064, Eshowe, 3815.

TWEE AMATEURSATELLIETE VERWAG OM VANJAAR GELANSEER TE WORD

Hierdie item is uit die ARRL-nuus verkry.

AMSAT-NA se President Robin Haighton, VE3FRH, sê hy sien uit na die 2004 lanserings van AMSAT-NA se ECHO-satelliet en AMSAT-Indië se Vusat (ook bekend as "HAMSAT"). In sy laaste presidensiële brief van 2003 het Haighton gerapporteer dat ECHO finale toets en integrasie met vlieënde vaandels slaag.

Dit word verwag dat lansering teen die einde van Maart sal plaasvind, maar AMSAT-NA benodig nog meer as $60 000 vir die lanseringsveldtog.

Die nuwe mikrosatklas satelliet sal behalwe sy ander fasiliteite spraakkommunikasie met gebruik van handdraagstelle bied.

Die satelliet sal twee UHF-senders, elk met 1 tot 8 W uitset hê wat ook gelyktydig kan werk, vier BHF-ontvangers, en 'n multiband, multimodusontvanger wat in die 10 meter, 2 meter, 70 cm and 23 cm bande kan werk. ECHO sal V/U, L/S en HF/U bedryfskonfigurasies bied met V/S, L/U en HF/S ook moontlik. FM-spraak en verskeie digitale modusse - insluitend PSK31 op 'n 10 m ESB op-koppeling - sal ook beskikbaar wees.

Haighton het gerapporteer dat probleme met VUsat gedurende die toetsfase ondervind is maar dat dit opgelos word. Die lansering van Vusat kan teen die einde van die somer, dit is einde winter in die Suidelike halfrond, plaasvind. Vusat sal oor twee liniêre transponeerders beskik met 'n UHF op-kanaal en BHF af-kanaal en GG-, HSB- en FM-modusse.

Hierdie twee projekte is verseker opwindend en SARLNUUS vertrou dat albei suksesvol sal verloop.

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

Vanaand, 18 Januarie - INTEGNET oor antennas. 20 - 27 Januarie die Afd 5 amateurs se Dxpedisie na Swaziland; 24 Januarie om 10:00 die Oos-Rand Radioklub se kattebakverkoping by die Germiston Bootklub gevolg deur 'n vergadering om 'n forum in die lewe te roep wat ten doel het om klubs aan die Oos-Rand te koördineer t.o.v ontmoetings ensomeer. 23 - 25 Januarie - PEARS BHF/UHF-kompetisie 14 Februarie - Kinderdag

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Martin, ZS4ABU, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX